

# DISSIPELSKAP. LES 40

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] 1 SAMUEL 9, 10, 12 en 14
---	------------------	---

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy tydens een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Samuel 9, 10, 12 en 14). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op dit wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute)	[DISSIPELSKAP] SELFVERLOËNING. LUKAS 9:23
---	--------------------------	--

## A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

**Lees** Lukas 9:22-27. “want,” het Hy gesê “die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.” Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou. Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan? Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlijkheid en die heerlijkheid van die Vader en van die heilige engele. Ek sê vir julle die waarheid: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterf voordat hulle die koninkryk van God gesien het nie.”

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(2)

Selfverloëning Lukas 9:23
As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg
Lukas 9:23

Lukas 9:23
------------

### 1. Die Here van die dissipels moet Self eers ly, sterf en opgewek word.

Dit was die eerste keer dat Jesus Christus sy lyding, dood en opstanding duidelik voorspel het. In Jesus se tyd het baie Jode geglo dat die Messias-Verlosser regtig sou leef en sy vyande sou oorwin het. Daarom het hierdie voorspelling van Jesus as 'n skok vir sy dissipels gekom.

Tog is die dood van die Messias al deur die profete in die Ou Testament voorspel, uitgebeeld/gesymboliseer in die Ou-Testamentiese offerande en was waarvoor Jesus Christus gesê het dat Hy na die aarde gekom het. “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape” (Johannes 10:11). Jesus Christus moes doen waarvoor Hy na die aarde gekom het. Sy dood was noodsaaklik, 'n heilige (goddelike) “moet” (Lukas 24:44; Handeling 4:12). Dit was die enigste manier om God se heilige en regverdige toorn oor die sonde van die mens stil te maak en die volledige straf vir die sonde van die mens te betaal.

Let daarop dat dit juis die mense is wat die godsdienstige belange van Israel moes verdedig, wat die Messias –Verlosser gekruisig het. Die oudstes (ouderlinge) in Israel was die gewone ongeleerde lede van die Sanhedrin wat gekom het uit die hoë bevoorregte aristokratiese families in Jerusalem. Die hoëpriesters was lede van die hoëpriesterlike families, wat ook die hoëpriester self ingesluit het. Die skrifgeleerdes was die opgeleide en bevestigde teoloë van die Ou Testament. Hulle taak was om die Ou Testament (die Tora) te bestudeer, uit te lê, te leer, te kopieer en vir andere deur te gee.

## 2. 'n Dissipel moet homself verloën (Lukas 9:23).

(1) Agter Jesus aankom.

Die woorde “agter aankom” verwys daarna om aan te sluit by Jesus as sy “dissipel” (volgeling/student). Daar was skares van mense wat agter Jesus aangekom het, Hom gevolg het, na Hom geluister het, sy wonders gesien en van Hom geleer het. Maar Jesus maak dit baie duidelik wat Hy as 'n ware dissipel van Hom beskou.

(2) Homself verloën.

'n Ware dissipel moet eers homself verloën. Toe Petrus Jesus verloën het, het hy gesê, “Ek ken die man nie.” Hy het dus op daardie oomblik gekies om Jesus nie te erken of aan Hom te behoort nie. Maar hier beteken “selfverloëning” ’n eens en vir altyd besluit om “nee” te sê vir jousef, d.w.s. “jousef los van God se genade”, “die nie-wedergebore self”, “die selfgerigte ek”. As jy jousef verloën, hou jy op om op jousef te vertrou. Jy val nie terug op jou eie wysheid, krag, vermoëns, besittings en posisie nie. Jy steun vir jou verlossing en jou lewe net op Jesus Christus alleen. Dus, “selfverloëning” het te make met die dinge waarop jy steun, waarop jy leun, aan vashou of vertrou vir verlossing en die regte lewe. Kom ons kyk na 'n voorbeeld: Jesus het die Skriftgeleerdes en Fariseërs beveel om hulle vertroue en steun op die hou van die Wet<sup>1</sup> op te gee. Selfverloëning beteken dat jy wegdraai van alles wat sondig is, van alle sake wat jou onafhanklikheid en rebellie teen God kenmerk. Kyk ook na die selfverloëning in 2 Korintiërs 8:9, Matteus 4:19-22, Matteus 9:9 en Filippense 3:7-8.

## 3. 'n Dissipel moet sy kruis daagliks opneem (Lukas 9:23).

“Jou kruis opneem” beskryf 'n persoon wat ter dood veroordeel is en sy eie kruis dra na die plek waar die vonnis voltrek gaan word. Tog is hier 'n verskil. Wat die veroordeelde persoon gedwing word om te doen, doen 'n dissipel van Jesus Christus vrywillig! Hy aanvaar die verdrukking, vervolging, verwerping, skande en lyding omdat hy lojaal is aan Jesus Christus en sy missie/sending in die wêreld. Daarom sal elke dissipel 'n ander soort kruis dra as die andere.

Voorbeelde van “kruise” in die Bybel:

- In Handeling 5 word die apostels gearresteer, in die gevangenis gegooi en geselsel/geslaan met 'n sweep omdat hulle die evangelie aan mense verkondig het. Hulle kruis bestaan uit gevangenskap en fisiese marteling.
- In Handeling 7 word Stefanus onregverdig tot die dood veroordeel en gestenig omdat hy sy teenstanders ontmasker het als halsstarrige ongelowiges wat weier om na God te luister en hulle voortdurend verset teen die Heilige Gees en die die Regverdige Messias verraai en vermoor het (vers 51-52). Sy kruis was martelaarskap.
- In 2 Korintiërs 11:23-28 vat Paulus sý kruis as volg saam, “Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsvaara. Vyf maal het ek van die Jode die gebruikelike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring. Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes.” Sy kruis was harde werk vergesels van baie gevare en moeilikhede.
- In Openbaring 1:9 word die apostel Johannes na die eiland Patmos verban, omdat hy die Woord van God en die getuïenis aangaande Jesus Christus verkondig en geleer het. Sy kruis was ballingskap.

## 4. 'n Dissipel moet Jesus Christus volg (Lukas 9:23).

'n Dissipel volhard in die navolg van Jesus Christus.

- Die navolg van Jesus Christus beteken om in Jesus Christus te glo. In Johannes 6:66-69 lees ons dat omdat die dissipels geglo het dat Jesus Christus die Heilige van God was, het hulle nie, soos baie ander gedoen het, opgehou om Hom te volg nie.
- Die navolg van Jesus Christus beteken om in sy voetspore te loop. In 1 Petrus 2:21 staan, “Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.”
- Die navolg van Jesus Christus beteken om Hom te gehoorsaam.
- Die navolg van Jesus Christus beteken om Hom te dien. In Johannes 12:26 staan, “As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.”

Jesus Christus verwag dat sy ware dissipels hierdie dinge elke dag sal doen. Selfverloëning, jou kruis opneem en Jesus Christus volg is 'n ander manier om egte bekering en voortgaande heiliging/heiligmaking uit te druk. Hierdie dinge is tegelyk 'n gawe van God en 'n verantwoordelikheid/opdrag van die mens.

<sup>1</sup> Die wet, Hebreus: Tora, Arabies: sharia

## 5. 'n Dissipel moet bereid wees om sy lewe t.w.v. Jesus Christus te verloor (Lukas 9:24-25).

Lukas 9:24-25 sê, “Want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou. Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan?” Die woord “psuché” in Grieks kan vertaal word met “siel”, “self” en “lewe”.

(1) Die woord “siel” in “sy lewe verloor”.

In die eerste helfte van vers 24 beskryf die woord “siel” die onstoflike en onsigbare wese van die mens los van God se genade, d.w.s. die onwedergebore mens. As 'n mens sy siel, sy wesenlike self of sy lewe wil behou, d.w.s. as hy bly vashou aan sy sondige lewe, sy besittings, plesiertjies, prestige, posisie, roem en nét vir homself wil lewe, dan sal hy sy siel of lewe verloor! Die doel wat God vir hom (sy siel, sy lewe) het, word steeds minder totdat dit uiteindelik in die hel verlore gaan.

Lukas 12:16-21 vertel die gelykenis van die ryk man, “'n Ryk man se grond het goed gedra. Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.’ Maar God het vir hom gesê: ‘Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymeakaargemaak het?’ So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.”

(2) Die woord “siel” in “sy lewe behou”.

In die tweede helfte van vers 24 beskryf die woord “siel” die onstoflike en onsigbare wese van die mens wat deur die genade van God wedergebore is. Wanneer hy sy siel, homself of sy lewe t.w.v. Jesus Christus verloor, d.w.s. sy lewe volkome toewy aan Jesus Christus en sý saak in die wêreld, sal sy siel, self of lewe behou word. Sy innerlike wese en uiterlike lewe sal steeds meer ruimte kry om vrede, sekerheid, vreugde en veral liefde in verhoudings en sin in die lewe te ervaar. Jesus Christus spoor mense wat sy dissipels wil word, aan om hulle nie selfsugtig na binne te keer en net vir hulleself te gaan lewe nie, maar om hulle met selfverloëning na buite te keer en vir Christus en sy Koninkryk te gaan lewe.

Voorbeelde van “jou lewe verloor”:

- In Matteus 10:37-39 gebruik Jesus die woorde: “jou lewe verloor” in die konteks van: “Hom meer liefhê as jou vader, moeder, seun of dogter”.
- In Matteus 16:21-25 gebruik Jesus die woorde: “jou lewe verloor” in die konteks van: “vervolging ondergaan t.w.v. Jesus Christus en sy Woord.”
- In Johannes 12:24-26 gebruik Jesus die woorde: “jou lewe haat” in die konteks van: “selfopofferende diensbetoon aan Jesus Christus”.
- In Lukas 17:30-33 gebruik Jesus die woorde: “jou lewe verloor” in die konteks van: “gereed wees om saam met Jesus te gaan by sy wederkoms”.

Jesus Christus maak aanspraak op ons absolute toewyding aan Hom en sy sending in al ons verhoudings, in al die omstandighede van ons bediening en in ons toekomstige lewe. Selfs al sou 'n mens die hele wêreld met al sy skatte, plesier en prestige kan verkry/wen, maar in die proses die lewe wat God hom kon gee verloor, dan wen hy eintlik niks! Dan verloor hy alles!

## 6. 'n Dissipel moet openlik met Jesus Christus identifiseer (Lukas 9:26).

Lukas 9:26 sê, “Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlijkheid en die heerlijkheid van die Vader en van die heilige engele.” Om jou te skaam vir Jesus Christus en sy woorde (in die Bybel) beteken dat jy so bang of skaam is dat jy niks met Hom of sy missie in die wêreld te make wil hê nie. Mense wat vir hulleself leef en Jesus Christus ignoreer of weerstaan, kan nie gered word nie. In Lukas 13:24-25 sê Jesus, “Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan. Baie, verseker Ek julle, sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie. As die eienaar van die huis eers opgestaan en die deur toegesluit het, sal julle buite staan en aan die deur begin klop en roep: ‘Here, maak vir ons oop!’ Maar Hy sal julle antwoord: ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie’.”

## 7. Die Koninkryk van God sien (Lukas 9:27).

Lukas 9:27 sê, “Ek sê vir julle die waarheid: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterf voordat hulle die koninkryk van God gesien het nie.” Hoe is dit moontlik dat sommige van die dissipels die koms van die Koninkryk van God met krag sal sien (Markus 9:1)? Lukas 9 vers 26 en vers 27 behoort bymekaar. Dit beskryf eers die einde en dan die begin van die werk van Jesus Christus.

- In vers 26 praat Jesus Christus oor die einde van sy werk by sy wederkoms. Dan sal Hy alle mense van die hele wêreldgeskiedenis oordeel op die basis van hulle kennis van Hom en hulle navolging van Hom.
- In vers 27 praat Jesus oor die begin van sy Koninkryk op die aarde met sy kruisiging, opstanding, hemelvaart of troonsbestyging, uitstorting van die Heilige Gees en die snelle verspreiding van die evangelie na baie volke gedurende die eerste eeu n.C. Honderde mense was ooggetuies van sy kruisiging, sy opstanding

(1 Korintiërs 15:6) en die uitstorting van sy Heilige Gees. Duisende mense was persoonlike getuies van die krag van die evangelie en hulle doop in die Liggaam van Christus (Handelinge 2:41-42).

## B. MEMORISERING EN REPETITERING

### 1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op Selfverloëning

Lukas 9:23 'n kaartjie of op 'n bladsy van 'n notaboekie.

### 2. Leer.

Leer die Bybelvers op die korrekte manier uit jou kop uit. (2) Selfverloëning. Lukas 9:23.

### 3. Repeteer.

Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelvers na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[LEWE IN DIE WÊRELD]</i> VERSOEKINGS IN DIE WÊRELD. MATTEUS 4:1-11
---	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Matteus 4:1-11.

#### STAP 1. LEES.

#### GOD SE WOORD

**Lees.** Ons gaan Matteus 4:1-11 saam met mekaar bestudeer.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

#### STAP 2. ONTDEK.

#### WAARNEMINGS

**Oorweeg.** WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

**Skryf neer.** Ontdek een of twee waarhede in die Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes in jou Bybelstudienotaboek neer.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle elkeen in die kring op die ry af vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings as hierdie maak.

4:4

Ontdekking 1. Die uitdrukking: "Daar staan geskrywe".

Jesus het telkens hierdie uitdrukking gebruik wanneer Hy die Ou Testament (Bybel) aanhaal. Hier in Matteus gebruik Jesus driemaal aanhalings uit Deuteronomium. Jesus het 'n baie hoë dunk van die Bybel gehad. Jesus Christus beskou die Bybel as die finale toetssteen vir die waarheid m.b.t. die christelike leer en die christelike lewe en as die hoogste appelhof vir die menslike rede. Hy het die Bybel gebruik om mense te leer en toe te rus. Hy het die Bybel gebruik om die goddelike boodskap te verkondig en om mense te waarsku. Hy het die Bybel gebruik om die vrae van mense te beantwoord. En Hy het die Bybel gebruik om die versoekings van die duivel af te slaan.

4:11

Ontdekking 2. Die duivel het Jesus verlaat.

Daar is tye wat die duivel Christene versoek of op die proef stel ten einde hulle te laat val. Die doel van die duivel is om Christene te laat struikel en val, of te laat faal en die nederlaag te laat lei. Maar Jesus toon vir Christene aan dat Christene ook die versoekings of beproewings van die duivel kan oorwin. Buitendien laat God ook nie die duivel toe om mense eindeloos te versoek of op die proef te stel nie. Na 'n aanval van die duivel sal die duivel hulle verlaat. Maar Christene moet altyd op hulle hoede bly omdat die duivel weer sal terugkom om nog 'n keer te probeer om die mens te laat val

#### STAP 3. VRAAG.

#### UITLEG

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT HIERDIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer so veel as moontlik waarhede in Matteus 4:1-11 begryp en vrae te stel oor dit wat on nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle in die kring elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te vra/lees..

**Besprek.** Bespreek so veel as moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

4:1

### Vraag 1. Wie is die duivel?

**Aantekeninge.** Die duivel is 'n gevalle engel<sup>2</sup>. Hy weerstaan God en sy verlossingsplan. Deur sy heerskappy oor 'n leër van demone en die ongelowiges in die wêreld probeer hy om die verkondiging van Jesus Christus aan alle volke in die wêreld te voorkom, die mense te verlei om sondes te doen wat die Gees van God bedroef en hulle te dwing om sy wil te doen (2 Timoteus 2:26). Die duivel is 'n gedugte vyand en christene kan hom alleen weerstaan in/met die krag van Jesus Christus (Efesiërs 1:21; 1 Petrus 3:22). Die duivel se strategie is om mense eers te verlei tot sonde. En wanneer hulle in sonde geval het, draai hy teen hulle en kla hulle aan by God (Openbaring 12:10). Onthou dat die duivel 'n moordenaar en die vader van alle leuens is (Johannes 8:44).

---

4:1

### Vraag 2. Wat is 'n versoeking en wie lei mense in versoeking?

**Aantekeninge.** “'n Versoeking”<sup>3</sup> is iets wat mense verlei om sonde te doen, dus, 'n verleiding. “'n Sonde” is enigiets wat God se doel mis. 'n Versoeking het tot doel om mense af te trek in 'n neerlaag in.

(1) Mense word verlei deur hulle eie ou sondige natuur.

In Jakobus 1:13-15 staan daar, “Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: ‘Ek word deur God versoek’ nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.”

(2) Mense word verlei deur die wêreld.

Daar is baie vorme van verleiding in die wêreld. In 1 Johannes 2:15-17 sê die apostel Johannes dat verleiding te make het met die dinge wat mense met hulle oë sien, met hulle hart begeer en dan daaraan toegee. Deur die oog en die hart raak die liggaam van die mens verstriek in verbode dinge. Dikwels, nadat hulle gesondig het, spog hulle en is selfs trots op die verkeerde wat hulle gedoen het. Hulle is trots daarop dat hulle gesagsdraers kon trotseer, trots op hulle bedrog, misdade, geweld en seksuele immoraliteit. Die apostel waarsku dat hierdie slegte wêreld met sy sondige praktyke vergoed verby sal gaan.

(3) Mense word verlei deur die duivel.

Die duivel is soos 'n brullende leeu besig om sy prooi te bekruipe (1 Petrus 5:8; Efesiërs 6:16). Sy oogmerk is om mense tot 'n val te bring.

---

4:2

### Vraag 3. Jesus het veertig dae en nagte lank gevas. Moet Christene ook vas?

**Aantekeninge.**

(1) Vas in Matteus 6:5-18.

Vas is deel van die Ou-Testamentiese Seremoniële (Rituele) Wet (Levitikus 16:29). Tydens die eerste koms van Christus het Hy die Wet vervul en die seremoniële wet opgehef en afgeskaf (Efesiërs 2:14-15). Daarmee het Hy ook die vaste ophef en afgeskaf (Markus 2:18-22). Maar in die laatste deel van die eerste eeu na Christus het vas weer teruggekeer in sekere kringe waar asketisisme beoefen is in bepaalde dele van die Christelike Kerk. Jesus Christus het sy dissipels geleer om te bid. Hy het hulle *nie* beveel om te vas nie, maar het hulle ook nie verbied om te vas nie. As Christene wil vas, dan moet hulle dit doen sonder dat ander mense dit agterkom (Matteus 6:16-18).

(2) Vas in Matteus 9:14-15.

Vas hoort by “treur” en by “die afwesigheid van Jesus Christus”. Jesus het gesê, “Kan die bruielofsgaste dan treur solank die bruidegom nog by hulle is? Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggenem sal word, en dan sal hulle vas.” Jesus Christus is die Bruidegom en die Christelike Kerk is die bruid. In Johannes 16:16-22 leer Christus dat sy dissipels alleen sou treur en vas “vir 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie” Die klein rukkie is eerstens die drie dae tussen die kruisiging en opstanding van Jesus Christus, maar veral die tien dae tussen sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees (d.w.s. die Gees van Christus)(Romeine 8:9-10). Na die uitstorting van die Heilige Gees is die dissipels met vreugde vervul en niemand kon hierdie vreugde van hulle wegvat nie! In en deur die Heilige Gees is Jesus Christus met en in Christene tot aan die einde van die aarde (Matteus 28:20). Hy sê, “Ek sal julle nie as weeskinders agter laat nie; Ek kom weer na julle toe” (Johannes 14:16-19)!

(3) Vas in Matteus 9:16-17.

Vas hoort by die ou wyn wat nog in ou sakke gegooi word. D.w.s. vas hoort by die seremoniële wette van die Ou Testament. Die inhoud is “treur en nie eet en drink nie” en die vorm is “die vasdae”. Maar met die eerste koms van Jesus Christus kom daar 'n nuwe inhoud wat ook 'n nuwe vorm moet kry. Jesus sê dat as mens nuwe wyn in die ou

---

<sup>2</sup> Jesaja 14:12-15 en Esegjël 28:14-15 is beskrywinge van die konings van Babilon en Tirus in terme van die val van die Satan.

<sup>3</sup> Grieks: “peirasmos” en beteken “'n versoeking” of “'n beproewing”

sakke bly gooi, dan bars die ou sakke en gaan die nuwe wyn verlore! Nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word, want alleen só kan beide behou word! Nuwe inhoud vereis nuwe vorme!

Gedurende die Ou-Testamentiese periode was daar maar net één dag in die jaar waartydens die Israeliete “almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas” (Levitikus 16:29)(1407 v.C.). Die profeet Jesaja (740-680 v.C.) leer duidelik wat hierdie “vas” inhou. Dit beteken nie: “onthouding van voedsel en drank nie”, maar: “onthouding van onreg en onderdrukking!”

Die “vas” wat God verkies, is om die wat onregverdig gevange gehou word te bevry, om die juk wat op mense druk af te haal, om die verdruktes vry te maak en elke juk te breek. Dit is om van jou brood te gee vir die wat honger is, om vir die armes en die dakloses ’n blyplek te gee, om iemand wat naak rondloop klere te gee en jou medemens nie aan sy lot oor te laat nie (Jesaja 58:6-7). Dit bestaan uit die verwydering van die juk van onderdrukking en ophou om mense te dreig en vals te beskuldig (letterlijk: met ’n beskuldigende vinger te wys) en die kwaadpraterij uit te ban. Dit is om aan die hongerige te gee wat hy nodig het en die verdrukte gasvry te onthaal (Jesaja 58:9-10).

Maar gou na die ballingskap (538 v.C.) het die Jode hierdie “onthouding” uitgelê as “vas” (d.w.s. as alleen onthouding van voedsel en drank) en het hulle dit deel gemaak van die seremoniële wet. Na die ballingskap het die Jode gedurende die vierde, vyfde, sewende en tiende maande gevas (Sagaria 7:5-10; Sagaria 8:19) en vergeet wat die vroeë profete (bv. Jesaja 58:6-12) oor “onthouding” geleer het!

“Die ou wyn” simboliseer “die treur”, ’n belangrike kenmerk van die Jode na die ballingskap. “Die ou wynsakke” simboliseer “die vasdae van die Jode”. “Die nuwe wyn” simboliseer “die verlossing en seënninge wat Jesus Christus gebring het” en “die nuwe wynsakke” simboliseer “die nuwe vorme van vreugdevolle aanbidding van Christene” (Johannes 4:23-24; Efesiërs 5:18-20). Wat Jesus gesê het, is dat die vreugde van verlose Christene nie saamgaan met die treur van die vastende Jode nie. Die vreugde van verlose Christene in die Nuwe-Testamentiese periode lei tot ’n ander manier om met God om te gaan en God te dien as die vreugdelose rituele van die Jode in die Nuwe-Testamentiese periode.

Na die ballingskap het die Jode die betekenis van die morele wet op ’n wettiese manier uitgelê en honderde nuwe wette daaraan toegevoeg. Maar die dood en opstanding van Jesus Christus het die morele wet vervul en weer in sy oorspronklike betekenis in Ekodus 10:1-17 herstel (Matteus 5:17-48). Die dood en opstanding van Jesus Christus het ook die seremoniële wet as skaduwee van die werklikheid wat sou kom (Kolossensen 2:17; Hebreërs 9:8-10; Hebreërs 10:1-4) *vervul* (Matteus 5:17), *opgehef* (Kolossense 2:14) en *afgeskaf* (Efesiërs 2:14-15). Die tradisionele vas van die Jode was geen vereiste gedurende die Ou-Testamentiese tyd nie en mag sekerlik nie as ’n verpligting gedurende die Nuwe-Testamentiese periode in die Christelike Kerk ingevoer word nie! Christene mag vas as hulle sou wou, maar mag vas nie vir ander Christene voorskryf as verpligtend nie.

(4) Vas in Matteus 17:21.

Net soos Matteus 6:13b en Markus 16:9-20 was Matteus 17:21 ’n latere toevoeging tot die Griekse teks.

---

4:2-4

Vraag 4. Wat was die eerste versoeking deur die duivel?

**Aantekeninge.** Nadat Jesus vrywillig veertig dae en nagte gevas het, was Hy honger. Die duivel het Hom uitgedaag om die klippe in die woestyn in brode te verander. Só kon Jesus self sy honger stil. In hierdie eerste veroeking probeer die duivel om Jesus te verlei om op Homself (en nie op God) te vertrou. Hy het probeer om Jesus se vertrou in God se sorg vir Hom te vernietig. Hy het Jesus probeer verlei om die dinge in sy eie hande te neem en onafhanklik van God op te tree.

Jesus het hierdie versoeking van die duivel oorwin deur die korrekte Woord van God aan te haal en te sê, “Daar staan geskrywe: ‘dat ’n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom’” (Deuteronomium 8:3). As God al die sterre in die heelal en die aarde met alles daarop kon skep *deur net ’n woord te spreek*, dan vertrou Jesus Christus dat God ook vir sy daaglikse behoeftes kan sorg deur net ’n Woord te spreek!

---

4:4

Vraag 5. Wat word bedoel met “elke Woord wat uit die mond van God kom”?

**Aantekeninge.** “Die Woord wat uit die mond van God kom” is God se magtige gesproke Woord waarmee Hy ook die heelal en die aarde geskep het (Hebreërs 11:3) en nog steeds onderhou (Hebreërs 1:2-3). Deur sy gesproke Woord skep God voedsel (manna, brood) vir die Israeliete in die woestyn. Deur sy gesproke Woord het Hy ook vir Jesus Christus in die woestyn gesorg. Terwyl die duivel gedink het dat gewone brood absoluut noodsaaklik was om te kan bly leef, sê Jesus dat God se gesproke Woorde die enigste bron van lewe en welsyn vir die mens op die aarde is.

---

4:5-7

Vraag 6. Wat is die tweede versoeking deur die duivel?

**Aantekeninge.** Die duivel het Jesus uitgedaag om Homself van die dak van die tempel af te gooi en te bewys dat Hy glo in God se geskrewe Woord in Psalm 91:11-12 wat sê dat God se engele Hom sou vang. In die tweede versoeking probeer die duivel om Jezus te verlei om 'n vals vertroue op God en Sy Woord te hê. Hy poog dat Jesus iets goeds sou bewys deur iets skouspelagtigs en sensasioneels, maar onbesonne te doen, naamlik om van 'n hoë gebou af te spring. Hy probeer Jesus te verlei om te vertrou op iets wat verkeerd was, op iets wat God gladnie beloof het nie. Hy het probeer om Jesus te verlei om geloof te vervang met aanmatigende arrogansie! Jesus moes God op die proef stel om te sien of God wel sy Woord sou hou. Maar wat God in Psalm 91:11-12 beloof het, is dat Hy sou sorg vir mense wat op Hom vertrou, maar nêe dat Hy mense sou red wanneer hulle God op die proef stel met dom toetse wat die duivel voorskryf! Jesus oorwin hierdie versoeking van die duivel deur die korrekte Woord van God aan te haal en sê, "Daar staan geskrywe, 'Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.'" (Deuteronomium 6:6).

Die volgende voorbeelde is versoekings wat gebaseer is op valse vertroue: As iemand God vra om hom te genees terwyl hy terselfdertyd 'n ongesonde leefstyl het. As hy God vra: "Weerhou my van 'n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys" (Psalm 119:37) en tegelyk na immorele en gewelddadige programme op die televisie kyk.

---

4:6

Vraag 7. Waarom is dit belangrik om nooit God se Woord te verdraai deur dit buite verband aan te haal nie?

**Aantekeninge.** In Psalm 91:11-12 wys die Psalmdigter op die werk van God se engele tot voordeel van God se volk (Hebreërs 1:14; vgl. Genesis 28:12). Bevoorbeeld: 'n engel lei 'n gelowige (Genesis 24:7) en engele beskerm gelowiges (2 Konings 6:16-17; Psalm 34:7).

Maar die duivel haal Psalm 91:11-12 aan om Jesus te mislei. Hy verdraai die Bybel en daag Jesus uit om God op die proef te stel deur Hom van die tempeldak af te gooi en te kyk of God se engele Jesus sou vang! In Johannes 8:44 sê Jesus dat die duivel 'n mensemoordenaar van die begin af is en ook die vader van alle (politieke, godsdienstige, ekonomies, wetenskaplike) leuens. Die duivel praat nooit die waarheid nie! Hoewel die woorde in die Bybel die waarheid is, kan God se vyande hierdie woorde verdraai.

Die woorde van die Bybel moet verstaan word soos God dit bedoel het. Daarom moet alle woorde in die Bybel uitgelê word:

- in ooreenstemming met die Hebreeus van die Ou Testament en die Grieks van die Nuwe Testament
- in ooreenstemming met die historiese geleentheid en konteks
- en in ooreenstemming met wat die Bybel as geheel leer.

Die duivel veronagsaam hierdie reëls met opset. Valse leraars doen dit ook. Hulle maak of hulle in die Bybel glo, maar forseer hulle eie interpretasies op die Bybel af, met die doel om onskuldige mense te mislei.

Jesus ken die bedoelings van die duivel. Hy antwoord die verkeerde gebruik van 'n aanhaling uit die Bybel (Psalm 1:11-12) met 'n korrekte gebruik van 'n aanhaling uit die Bybel: "Julle mag die HERE julle God nie versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie" (Deuteronomium 6:16 AOV).

---

4:8-9

Vraag 8. Is dit waar dat alle koninkryke van die wêreld aan die duivel behoort?

**Aantekeninge.**

(1) Die duivel maak 'n valse aanspraak.

In Lukas 4:6 sê die duivel vir Jesus, "Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want *dit is aan my oorgegee*, en ek gee dit aan wie ek wil." Die vraag is of die duivel werklik alle koninkryke besit en of hy dit wel kan gee aan wie hy wil. Mense wat op hierdie vraag positief antwoord, staaf hulle antwoord met vier Bybelgedeeltes:

- Efesiërs 2:2 (die duivel is die heerser oor die magte in die lug)
- Efesiërs 6:12 (die stryd van Christene is teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug)
- 1 Johannes 5:19 (Christene weet dat die hele wêreld in die mag is van hom wat die kwaad self is).
- Lukas 4:6 (*die duivel beskryf homself* as die regmatige eienaar en heerser van alle koninkryke in die wêreld).

Lukas 4:6 is nie 'n uitspraak van Christus nie, maar van die duivel self! Efesiërs 2:2, Efesiërs 6:12 en 1 Johannes 5:19 praat nie oor "alle koninkryke in die wêreld nie", maar alleen oor "die hele sondige wêreld wat in die mag van die duivel is", die wêreld wat deur demone en demoniese heersers beheer word, en nie oor die aarde/wêreld "en alles wat daarop is" nie (Psalm 24:1) en nie oor "die wêreld van God waaroor Hy vir altyd/ewig regeer nie" (Psalm 146:10)!

Juis die teenoorgestelde is waar. Die Bybel leer dat alles aan Jesus Christus toevertrou is (Matteus 11:27), dat alle mag in die hemel en op aarde aan Jesus Christus gegee is (Matteus 28:18), dat God aan Jesus Christus die plek aan sy regterhand gegee het hoog bo alle hemelse vorste en heersers, alle magte en kragte en elke naam wat genoem word, nie

net in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige (Efesiërs 1:20-21; vergelyk ook 1 Petrus 3:22)! Dit wat nie aan die duiwel behoort nie, kan hy ook nie vir andere gee nie!

Die Bybel leer dat die duiwel 'n moordenaar en die vader van alle leuens in die gekiedenis is (Johannes 8:44). Dus is die aanspraak van die duiwel in Lukas 4:6 'n aanmatigende en arrogante leuen! Die duiwel sou graag wil hê dat mense sy leuens glo en bang wees vir sy mag.

(2) Die woord "wêreld" (Grieks: kosmos) het verskillende betekenisse in die Bybel.

Die teksverband bepaal die korrekte betekenis.

- Die wêreld as geskape wêreld, die aarde of kosmos (Johannes 1:10; Johannes 17:5,24; Johannes 21:25).
- Die wêreld as die toneel van die menslike geskiedenis, die wêreld bestaande uit mense (Johannes 1:9; Johannes 3:19; Johannes 9:39; Johannes 11:27; Johannes 12:46; Johannes 14:31; Johannes 16:21,28; Johannes 17:18; Johannes 18:36-37; 1 Johannes 4:1,3; 1 Johannes 4:9).
- Die wêreld as die breë publiek (Johannes 7:4; Johannes 14:22).
- Die wêreld as die verlore mensheid: vervreemd van God, gebuk onder die sonde, onderworpe aan God se regverdige oordeel en wat verlossing nodig het (Johannes 3:19); die wêreld sonder onderskeid (soos ras, nasionaliteit, taal) (Johannes 1:29; Johannes 3:16; Johannes 3:17; Johannes 6:33,51; Johannes 8:12; Johannes 9:5; Johannes 11:52; Johannes 12:32; 1 Johannes 2:2; 1 Johannes 4:14-15)(vergeelyk Johannes 4:42). Dit verwys nie na die wêreld as die domein van die kwaad (soos hieronder). "Hierdie wêreld" verwys *nie* numeries na elke mens wat ooit op die aarde geleef het nie! Dit verwys na (die wêreld van) mense wat nog nie besef dat hulle verlore is nie; wat nog nie weet dat hulle weergebore moet word nie; wat nog nie weet dat Jesus Christus vir sondaars gesterf het en uit die dood opgestaan het nie; wat nog nie gehoor het dat al hulle sondes vergewe kan word nie; wat saamgevat 'n Verlosser nodig het, maar nog nie die evangelie gehoor het nie.
- Die wêreld van die kwaad: die wêreld van die verlore mensheid soos in Johannes 3:19 met die addisionele gedagte dat hulle mense is wat die kwaad doen en openlik vyandig is teen God, Christus en Christene (Johannes 7:7; Johannes 8:23; Johannes 12:31; Johannes 14:17,30,31; Johannes 15:18; Johannes 17:9,14-16,25; 1 Johannes 2:15-17; 1 Johannes 3:1,13; 1 Johannes 4:4-5; 1 Johannes 5:4,5,19).

God het "die wereld van verlore mense" lief (Johannes 3:16), maar God het *nie* "die wêreld van die kwaad" lief nie. God het nie die mense lief wat *voortdurend* die waarheid onderdruk deur hulle ongeregtigheid (Romeine 1:18), wat *voortgaan* om God te haat (Psalm 5:5-7; Psalm 11:5) en wat *steeds* as vyande van God gemerk word (Jakobus 4:4).

Terwyl Christene *voortdurend* uit God (gebore/weergebore) is, lê (hier)die hele wêreld (d.w.s. sondige wêreld) *voortdurend* in die mag van die duiwel" (1 Johannes 5:19). Maar "die duiwel kry geen houvas op hom (d.w.s. die weergebore Christen) nie", omdat Hy wat *eens en vir altyd* uit God gebore is (d.i. Jesus Christus) hom (die weergebore Christen) *voortdurend* bewaar (1 Johannes 5:18)<sup>4</sup>!

- Die wêreld wat gered word deur Jesus Christus (Johannes 4:42; 1 Johannes 4:14); die wêreld vir wie Jesus Christus "die versoening" of "die soenoffer"<sup>5</sup> vir sondes is (1 Johannes 2:2; vergelyk 1 Johannes 4:10 en Johannes 10:11).

(3) Alleen die wêreld van die kwaad staan onder die mag van die duiwel.

As die apostel Johannes sê dat "die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is" (1 Johannes 5:19), beteken dit nie elke land en alle mense kop vir kop in die wêreld, onder die mag van die duiwel is nie. Hier is "die wêreld" *nie* "die hele geskape wêreld", *nie* "die hele wêreld se mense", *nie* "die wêreld van Christene wat gered word" nie, maar "die wêreld van die kwaad", "die wêreld van nie-Christene wat nog slawe van die sonde is", "die wêreld van regerings wat Jesus Christus en Christene vervolg", "die wêreld waarin die duiwel en sy demone heers" (Kolossense 1:13a).

Die duiwel kan wedergebore Christene nie beseer nie, d.w.s. hy kan geen vat op hulle kry nie (1 Johannes 5:18). Die duiwel kan alleen bepaalde kwaad aan Christene doen as God dit in sy soewereine wil en plan toelaat (Job 1:12; 1 Korintiërs 5:5). Die duiwel kan vurige pyle (verleidings, versoekings) op Christene afvuur (Efesiërs 6:16). Maar wedergebore Christene kan nooit beset/besete word deur 'n demon nie, omdat die Heilige Gees hulle alreeds besit (1 Johannes 4:4)! Die duiwel het geen beheer oor wat met Christene gebeur nie (Romeinen 8:28, Johannes 10:28)!

(4) Die hele wye wêreld is in die hande van Jesus Christus.

- Gedurende die Ou-Testamentiese tyd. Die Eienaar en soewereine (almagtige) Heerser van die hele wêreld van ewigheid tot ewigheid is God en nie die duiwel nie (Psalm 2; Psalm 9:8-9; Psalm 29:10; Psalm 93:1-2; Psalm 145:13; Psalm 146:10; Jeremia 32:17,27). 'n Historiese voorbeeld is die Engel van die HERE wat 'n baie groot leër van kwaad in één nag verdelg (Jesaja 37:36-37).
- Gedurende die lewe van Jesus Christus op aarde. Jesus Christus was bewus daarvan dat God die Vader Hom alle mag gegee het (Johannes 13:3). Jesus Christus het nooit deelgeneem aan 'n sogenaamde "heilige oorlog"<sup>6</sup> nie. Hy

<sup>4</sup> Grieks vers 18: οὐδαμὲν ὅτι παρὰ τὸ γεγεννημένοις (voltooide teenwoordige tyd) ἐκ τοῦ θεοῦ οὐχ ἀμαρτάνει (onvoltooide teenwoordige tyd), ἀλλ' ὁ γεννηθεὶς (aoristus tyd) ἐκ τοῦ θεοῦ (Elkeen wat uit God gebore is, NLV; kinders van God, Die Boodskap) τηρεῖ (onvoltooide teenwoordige tyd) αὐτὸν καὶ ὁ πονηρὸς οὐχ ἀπτεταί (onvoltooide teenwoordige tyd) αὐτὸν. οὐδαμὲν ὅτι τοῦ θεοῦ ἐσμεν (onvoltooide teenwoordige tyd) καὶ ὁ κόσμος ὅλος ἐν τῷ πονηρῷ κεῖται (onvoltooide teenwoordige tyd).

<sup>5</sup> Grieks: ἰλασμός

<sup>6</sup> Arabies: jihad



het Hom uitgespreek teen deelname aan 'n heilige oorlog, "Toe sê Jesus vir hom: "Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom" (Matteus 26:52). Jesus Christus het die mag gehad om onmiddellik meer as twaalf legioene engele in te roep om te help (Matteüs 26:53). Maar waar ander godsdienstige leiers die swaard opgeneem het om mense te vernietig, het Jesus Christus sy lewe gegee om mense vir ewig te behou. Sy doel was om die profesieë in die Skrif te vervul (Matteus 26:53; Matteus 5:17). Nietemin het geen mens die mag om iets teen Christus of Christene te doen as dit nie van bo (deur God) aan hom gegee is nie (Johannes 19:11)!

- By die dood van Jesus Christus. Tydens die eerste koms van Jesus Christus, sy dood, opstanding, hemelvaart as troonsbestyging is die duivel (die satan) en sy leër van demone verslaan. Sedertdien is daar vir hulle geen plek meer in die hemel nie en kan die duivel Christene nie meer voor God aankla nie (Job 1:6; Openbaring 12:7-12). Die duivel is ook sy magsposisie oor die nie-christelike volke op die aarde ontnem en kan hy die volke nie langer mislei, d.w.s. kan hy die boodskap van die Bybel nie langer van hulle weerhou nie (Daniël 10:13-14; Matteus 12:28-30; Matteus 24:14; Johannes 12:31-32; 1 Johannes 3:8; Openbaring 20:1-3).
- Na die opstanding van Jesus Christus. Na die opstanding van Jesus Christus behoort alle mag in die hemel en op die aarde aan Jesus Christus (Matteus 28:18) en is alle goeie engele in die hemel en alle bose magte op die aarde (sowel demone as slegte regerings) volledig onderworpe aan die soewereine mag (almag) van Jesus Christus (Efesiërs 1:20-22; 1 Petrus 3:22). Vanaf sy troonsbestyging breek net Jesus Christus alleen die seëls van die hemelse boekrol wat aan beide kante beskryf is en net Hy maak die uitvoering van Gods plan bekend (Openbaring 5:8-14). Nê Jesus Christus trek mense uit alle volke in die wêreld na Hom toe (Johannes 12:32). Jesus Christus alleen heers in sy Koninkryk oor alle mense wat uit die mag van die duivel bevry is (Kolossense 1:13). Jesus Christus het die wêreld eens en vir altyd van die kwaad oorwin en sedert daardie gebeurtenis bly die wêreld van die kwaad oorwin (Grieks: voltooide teenwoordige tyd)(Johannes 16:33)! Jesus Christus is nou al die Koning van die konings en die Here van die heersers", selfs al erken die konings en regerings Hom nie (Openbaring 1:5,8; Openbaring 3:26-27; Openbaring 5:8-14; Openbaring 6:2; Openbaring 12:10-12; Openbaring 17:14; Openbaring 19:16; Openbaring 22:13). Christene is "meer as oorwinnaars" in Jesus Christus (Romeine 8:37) en maak saam met Jesus Christus mense uit alle volke bymekaar (Matteus 12:30; Matteus 28:19; 2 Timoteus 2:25-26).

---

4:8-10

#### Vraag 9. Wat is die derde versoeking deur die duivel?

**Aantekeninge.** Die duivel probeer Jesus te verlei om God oor te slaan (te vergeet) en vir hom (die duivel) te kies en hom te aanbid. Met die derde versoeking probeer die duivel om Jesus te verlei om op die duivel te vertrou. Die verleiding is op die gebied van mag en besit in die wêreld. Waarskynlik het die duivel in 'n visioen vir Jesus al die koninkryke van die wêreld, met hulle prag en praal, gewys. Hy het probeer om Jesus wys te maak dat hy (die duivel) dit alles aan Jesus kon skenk. Die duivel wil Jesus verlei om die kortpad te vat om net voor hom te buig en nie hoef te sterf aan die kruis nie, om die besitter/eienaar van die wêreld te word, soos God dit laat profeteer het (Psalm 2:6-8; Hebreërs 1:1-5). Maar die duivel is 'n leuenaar (Johannes 8:44) en vermom hom as 'n engel van die lig (2 Korintiërs 11:14). Die duivel is verseker nie die eienaar, heerser of beheervoerder van alle koninkryke op die aarde nie, omdat die koningskap van die God van die Bybel die eeue omspan en sy heerskappy strek oor alle geslagte heen (Psalm 145:13)! Hy is Koning tot in ewigheid (Psalm 146:10)! Die duivel kan nie weggee wat hy nie besit nie! Jesus oorwin hierdie versoeking van die duivel deur die korrekte aanhaling van die Woord van God te maak, "Jy moet die Here jou God eer en dien." (Deuteronomium 6:13).

Vandag nog sien ons steeds hoe afgodsaanbidders in tempels ooreenkomste aangaan met hulle gode. As hulle 'god' sou doen wat hulle vra, dan sou hulle iets teruggee of doen vir hulle god. Ons sien ook hoe die gode van die groot wêreldgodsdienste valse beloftes aan hulle aanhangers maak. Hulle god belooft byvoorbeeld dat hulle reguit paradydys toe sal gaan as hulle in 'n sogenaamde "heilige oorlog" of 'n terroristiese aanval sou sterf. Net vals profete maak sulke beloftes! Ons sien ook dat mense maklik glo wat daar in koerante en boeke geskryf staan, wat daar op die televisie gesê word of wat godsdienstige leiers van hulle preekstoele en kateders af sê. Die duivel probeer baie hard om mense sover te kry dat hulle in enige iets anders as die God van die Bybel glo! Die werklike doel van die duivel is dat mense hóm in plaas van die God van die Bybel gaan dien! Jesus sê dat alle mense die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, moet dien.

---

#### Vraag 10. Kan Christene versoekings oorwin?

**Aantekeninge.** 1 Korintiërs 10:13 sê, "Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan".

God bewys s trou teenoor Christene deur nie toe te laat dat een enkele Christen bó sy vermoë versoek of beproef word nie! En Hy bewys s trou verder deur saam met elke versoeking of beproewing 'n uitweg te gee waardeur die Christen kan oorwin. Hebreërs 2:18 sê verder, "Omdat Hy self versoek is (getoets) en gely het, kan Hy dié help wat versoek (getoets) word." (MultiVertaling) Christene kan dus versoekings (en beproewings) oorwin!

#### STAP 4. DOEN.

#### TOEPASSING

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Matteus 4:1-11.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of niet?

(Let daarop dat die waarheid dieselfde bly, alhoewel daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

#### 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Matteus 4:1-11.

- 4:1. Karakterontwikkeling. God kan 'n Christen in 'n situasie lei waar hy tot sonde versoek word (of deur 'n moeilike ding beproef word) ten einde hom op die proef te stel (Jakobus 1:12). Maar God stel nooit iemand bloot aan verleiding, net soos Hyself nie verlei kan word nie (Jakobus 1:13). Deur hierdie versoekings of beproewings leer God hom om net op God se trou en sy uitweg/oplossing te vertrou (1 Korintiërs 10:13). Deur hierdie versoekings en beproewings vorm God hulle christelike karakter: volharding (ANV)(Jakobus 1:2-4), geloof, hoop en liefde (Romeine 5:3-5). Na die oorwinning oor versoeking word God geëer (Job 1:21-22) en Christus deur engele gedien (Matteus 4:10).
- 4:2. Vas of sig van bepaalde dinge onthou. Jesus het veertig dae en nagte gevas, maar nêrens vereis die Bybel dat Christene moet vas nie. As 'n Christen wil vas, mag hy dit doen op die wyse van Jesaja 58:6-12 en sonder dat ander dit agterkom (Matteus 6:16-18). Maar hy mag sy oortuiging of toewyding m.b.t. vas nie op ander Christene oplê nie, omdat die vas op die Groot Versoendag deur Jesus Christus is vervul (Matteus 5:17), is opgehef (Kolossense 2:16-18) en is vervolgens afgeskaf (Efesiërs 2:14-15).
- 4:3. Versoekings is gemik op Christene. Die duiwel versoek veral Christene, omdat hulle nie langer onder sy heerskappy staan nie (Kolossense 1:13; Jakobus 4:7; 1 Petrus 5:8-9)!
- 4:4. Leef uit die Bybel. 'n Chinees het 'n belangrike besluit geneem, "Geen Bybel, geen ontbyt!" Hy gaan sy ontbyt geniet as hy eers die Bybel gelees het.
- 4:5. Christene kan ook in die gemeente/kerk versoek word. Die duiwel het toegang tot die gebou waar die HERE gedien word en tot die plekke waar Christene byeenkom. Moenie die duiwel 'n enkele kans gee om jou te versoek nie!
- 4:6. Christene kan deur verkeerde aanhalings uit die Bybel op die verkeerde voet gevang word. Pas op vir valse profete en valse leraars wat die Bybel vervals en misbruik vir hulle eie doeleindes (2 Korintiërs 4:2). Leer om die Woord van die waarheid reg te kan sny (2 Timoteus 2:15).
- 4:7. Gebruik die swaard van die Gees. Gebruik 'n gepaste Bybelvers (verse) om versoekings af te weer (Efesiërs 6:17) soos Jesus dit in Matteus 4:1-11 gedoen het.
- 4:8. Vermoed plekke van versoeking. Die duiwel sal probeer om jou na plekke toe te lei, waar jy makliker versoek kan word! Vermoed sulke plekke!
- 4:9-10. Die doel van alle versoekings. Versoekings (verleidings) het ten doel om jou van Jesus Christus af weg te trek na die duiwel toe. Kyk dwarsdeur 'n versoeking en keer dit om tot 'n geleentheid om vir Christus te getuig. "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."
- 4:11. Versoekings is tydelik. "Nadat die duiwel met al die versoekings klaar was, het hy Jesus 'n tyd lank met rus gelaat" (Lukas 4:13). Niemand word aanhoudend versoek nie, maar pasop, die duiwel kom altyd weer terug om nog 'n keer te probeer (1 Petrus 5:8)!

#### 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Matteus 4:1-11.

Ek wil leer om die Bybel te gebruik as ek versoek word. Ek wil God se Woord as antwoord gee op die aanvalle van die duiwel, die wêreld en slegte mense. Daarom lees ek die Bybel elke dag en bêre sy woorde in my hart.

Ek is daarvan bewus dat die duiwel my versoek om my verhouding met Jesus Christus te verbreek. Die doel van sy versoekings is dat ek God moet wantrou en op myself of op iets anders (die duiwel self) gaan vertrou. Ek moet sterk staan in my weerstand teen hom, omdat hy nie net my vyand is nie, maar ook God se vyand is.

#### STAP 5. BID.

#### REAKSIE

NEEM BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARDEUR GOD TOT JOU GESPREEK HET in Matteus 4:1-11.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor iets anders bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
---	------------------	---------------------------------

*As daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie mense. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

- 1 Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor Matteus 4:1-11 met iemand anders of met 'n klein groepie.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit 2 Samuël 15, 17, 18 en 22. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge,.
3. Memoriserings. Oordink en leer dit uit jou kop op die korrekte manier: (2) Selfverloëning Lukas 9:23. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.